

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 15
14 MEI 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

NUWELING
Baie geluk aan Mnr. Romano Sutton en sy vrou, Suné, met die geboorte van hul dogtertjie, Runé, op Woensdag, 12 Mei. Mag sy 'n bron van groot vreugde in jul lewens wees!

ELKE DAG SKOOL VIR GRAAD 2 EN 3
Die graad 2 leerlinge begin almal Maandag om elke dag skool toe te kom. Dit is belangrik dat elke familie seker maak dat ons na ure nie ons kinders blootstel aan geleenthede waar Covid-19 oorgedra kan word nie. Ons by die skool sal alles in ons vermoë doen om te verseker dat leerlinge die nodige veilige afstande asook ook alle Covid-19 protokolle handhaaf terwyl hulle by die skool is. Daar is glasvesel skeidings op al die graad 2 banke aangebring om te verseker dat leerlinge veilig van mekaar is.

Die graad 3 leerlinge sal dan Maandag, 24 Mei, ook terugkeer skool toe sodra daar ook skeidings aangebring is.

WINTERSDRAG
Ons bevestig net dat verpligte formele wintersdrag vanaf Maandag, 17 Mei 2021 gedra moet word. Ons verwag dat ons leerlinge by die kleredragbeleid sal hou, soos dit voor in die huiswerkboek verskyn.

Die klerewinkel sal oop wees op die volgende dae en tye:

Maandag	07:30 – 12:00
Woensdag	12:00 – 14:30
Vrydag	07:30 – 12:00

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
Die ouers wie die skool moet sien, is reeds gekontak en afsprake vir die oueraand van 17 Mei 2021, is reeds gereël. Alle ander ouers het verlede week die geleentheid gehad om afsprake te reël. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas aan te spreek.

KOMMUNIKASIE MET OPVOEDERS

Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en opvoeders bestaan. Ongelukkig het die opvoeders nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel as gevolg van ‘n vol program. Die maklikste is om ‘n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die opvoeder se aandag bring. Indien nodig, sal die opvoeder dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat ‘n opvoeder u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of ‘n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie, kontak my asseblief direk. Opvoeders mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. **Onthou die opvoeders het ‘n vol program en ook ‘n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak na 18:00 saans nie.** Hulle SAL u betyds kontak indien u kind ‘n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is ‘n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die opvoeder aan u.

MEIMAAND SE ROOSTER VIR GRAAD 4 TOT 6

Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7- leerlinge sal ‘n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn op D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/05/17	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/05/19	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/21	Vrydag	Volg Vrydag se rooster
2021/05/25	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/27	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/31	Maandag	Volg Maandag se rooster

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/05/18	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/05/20	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/05/24	Maandag	Volg Woensdag se rooster
2021/05/26	Woensdag	Volg Donderdag se rooster
2021/05/28	Vrydag	Volg Vrydag se rooster

NASORG

Die nasorg is volstoom aan die gang. **Vanaf Maandag sal die voldagnasorg na die skool toe skuif. Ouers kan die leerlinge by die kleinhekkie in Hudsonstraat gaan aflaai**. Sodra die skool uitkom, sal al die leerlinge van graad 4 tot 7, soos in die verlede, onder begeleiding na ons sportveld afbeweeg. Dan is hulle by die sportveld sodat die wat aan sport mag deelneem, dit kan doen.

Die geen-verdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van dissipline en die navolg van Covid-19 prosedures, asook die gedragskode van die skool is ten volle van toepassing by die nasorg.

LEERDER AFWESIGHEDE
Indien u voor die tyd weet, of as u kind afwesig was, moet u asseblief 'n brief aan die klasonderwyser rig om die redes vir die afwesigheid te verskaf. Indien die leerder werk mis, is dit die leerder se verantwoordelikheid om die klasonderwyser vir die agterstallige werk te vra. **Indien 'n leerder afwesig is tydens die eksamen of vir 'n toets, *moet* u 'n doktersertifikaat indien.**

SPORT BEGIN 18 MEI 2021
Die sport begin amptelik 18 Mei 2021 as gevolg van 17 Mei se oueraand. As gevolg van Covid-regulasies, word net 'n beperkte getal leerlinge per oefening toegelaat. **Die program is so uitgewerk dat ons slegs die leerlinge kan akkommodeer wie se ouers reageer het op ons skrywes en wie die vrywaringsvorms voltooi het. Geen laat inskrywings sal toegelaat word nie.** Die wat uitmis, kan eers weer volgende kwartaal bygevoeg word, wanneer ons weer 'n nuwe rooster gaan uitwerk.

Reëlings:
- ✓ Slegs een (1) sportsessie per week. Leerlinge wat alternatiewe dae skool toe kom, (**graad 4 tot 6) sal net by sportoefeninge inval op die dae wat hulle wel by die skool is.**
- ✓ Leerlinge kom op die dae wat hulle sportoefeninge het met hul volledige LO-klere skooltoe.
- ✓ Kinders moet onmiddellik na die afloop van sportoefeninge afgehaal word.
- ✓ Fokus moet wees op balvaardighede/fiksheid vir die spesifieke sportsoort.
- ✓ Geen toeskouers word toegelaat by oefeninge nie.
- ✓ Maskers moet gedurende oefeninge gedra word, maar leerlinge se neuse mag oop wees. Monde moet heeltyd bedek wees. Landloop is moontlik 'n probleem, aangesien leerlinge nie met masker sal kan langafstande hardloop nie.
- ✓ Senior leerlinge word na sportgronde vergesel. Sosiale afstande moet gehandhaaf word met die afstappery.
- ✓ Met aankoms by die sportveld, moet almal se temperatuur weer geneem word, maar dit hoef nie neergeskryf te word nie.
- ✓ Almal se hande word met aankoms en na afloop van oefeninge gesaniteer.
- ✓ Toerusting wat voor die tyd gesaniteer word, mag wel gebruik word.
- ✓ Slegs leerlinge wie se ouers die vrywaringsvorm ingevul het, mag oefen. Indien 'n kind opdaag waarvan ons nie 'n vrywaringsvorm het nie, mag hy/sy glad nie deelneem vir die betrokke oefeninge nie.
- ✓ Sou enige aktiwiteite met mekaar bots sal die kind 'n keuse moet maak. Didaktiese klasse kry egter voorkeur aangesien akademie ons eerste prioriteit is.
- ✓ Sien volledige sportrooster vir ouderdomsgroepe O/7 tot O/13 vir die verskillende sportsoorte (rugby, netbal, tennis, landloop).
- ✓ Graad 4 tot 7 se didaktiese vind die volgende dae plaas:
    - Graad 4 – Maandag Wiskunde en Dinsdag Afrikaans
    - Graad 5 – Maandag Wiskunde en Dinsdag Afrikaans
    - Graad 6 – Woensdag Wiskunde en Donderdag Afrikaans
    - Graad 7 – Woensdag Afrikaans en Donderdag Wiskunde
- ✓ Graad R tot 3 didaktiese plan is soos volg:
    - Graad R – Woensdag en Donderdag
    - Graad 1 – Woensdag en Donderdag
    - Graad 2 – Maandag en Dinsdag

- Graad 3 – Maandag en Dinsdag

- ✓ Die biblioteek open weer vanaf 24 Mei 2021. Maandag tot Donderdag vir grade 2 tot 7.
- ✓ Kunsklasse het reeds begin en gaan voort soos individueel per brief met ouers gereël is.

KARRI-TOEPASSING
Van hierdie kwartaal af sal ons van die toepassing vir alle kontant betalings soos snoepie-aankope gebruik maak. Lees asseblief weer die inligtingsbladsye op D6 en sorg dat u die toepassing op u selfoon aflaai.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Ons is besig om met nuwe aansoeke vir 2022 onderhoude te voer. Ons het ook ons bestaande ouers oor hul aansoeke vir 2022 gekontak. Indien jy nie voor 17 Mei 2021 van die skool rakende jou aansoek gehoor het nie, moet jy asseblief die skool dringend kontak.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

D6 COMMUNICATOR
Daar is nog steeds ouers wie nie die D6 Communicator Toep op hul fone of rekenaars afgelaai het nie.

Dit is ons enigste formele kommunikasiemiddel met ons ouers!

Laai asseblief die toepassing onmiddellik af, sodat u alle relevante inligting vanaf die skool kan ontvang.

AFKNOUERY
Ons is bekommerd dat afknouery soms tydens skoolure, tydens pouses en buite klassituasies tussen leerlinge (seuns en meisies) plaasvind.

Ons het waargeneem dat LEERLINGE MEKAAR VERAL verbaal afknou. Wat ookal die oorsake mag wees, dit bly ‘n onaanvaarbare vorm van gedrag en ons wil nie daaroor swyg of daarvan wegvlug nie.

Daarom wil ons graag die probleem aanspreek. Ons wil leerlinge wat ander teiken, sowel as die lydende partye probeer help. Daar is verskillende maniere hoe dit gedoen kan word.

Om afkouery uit te roei, moet ons die volgende stappe toepas:
- Gesels met u kind oor insidente wat plaasvind.
- Onthou: ‘n storie het altyd twee kante.
- Kry die ander leerder wat in die insident betrokke is, se naam.
- Indien ‘n insident herhaal word, rapporteer dit onmiddellik aan die klasonderwyser (minder ernstig) of skoolhoof (meer ernstig), verkieslik op skrif.
- Indien die insident weer voorkom en elke keer daarna, kontak dadelik die skoolhoof. Die skoolhoof sal dan moontlike wyses van hantering met u bespreek.
- **Insidente wat binne 24 uur aangemeld word, sal onmiddellike aandag geniet.**

Afknouery kan en mag nooit deel van Newtonparkleerlinge se opvoeding word nie. Baie dankie dat u as ouer vir ons gaan help om van hierdie probleem ontslae te raak.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir 'n 5% korting kwalifiseer.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Pak alles gemotiveerd aan. Werk soos vir die Here en nie soos vir mense nie.
Kolossense 3:23

Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.
Fil. 4:13

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR <u>VOLGENDE WEEK</u>:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 17 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep A (Maandag rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00** **Oueraand : 14:45 – 18:30**
Di – 18 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep B (Maandag rooster)**
Woe – 19 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep A (Dinsdag rooster)** Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 20 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep B (Dinsdag rooster)**
Vr – 21 Mei	:	**Skoolbywoning : Groep A (Volg Vrydag rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

MADIBA CUP SERIES GIMNASTIEK : 17 APRIL 2021
LJ Campher in graad 5Z en Roelof Campher in graad 2V het Saterdag, 17 April 2021 aan die Madiba Cup Series vir gimnastiek deel geneem en soos volg presteer:

LJ Campher	: Goud – Double Mini (Silver 11/12 jaar kategorie)
	: Silwer – Euro Tramp (Silver 11/12 jaar kategorie)
Roelof Campher	: Goud - Double Mini (Iron 7/8 jaar kategorie)
	: Goud – Euro Tramp (Iron 7/8 jaar kategorie)

Baie geluk, jongmanne!

OP TWEEKAMP : 1 MEI 2021
Gerhard Dippenaar in graad 5V en Ben Nothnagel in graad 5Z het Saterdag, 1 Mei aan die OP Tweekamp deelgeneem. Ben het ‘n 11de plek en Gerhard ‘n 12de plek behaal.

Baie geluk!

NMB COUNTRY SERIES LANDLOOPLIGA : 8 MEI 2021
Twee van ons leerlinge het die koue en reën trotseer om aan die NMB “Country Series” 3km landloopliga deel te neem en het soos volg presteer:

Gerhard Dippenaar (5V) : 7de vir seuns o/11
Karli Louw (5V) : 3de vir meisies o/11

Baie geluk!

IBAYI INTER-KLUB RITMIESE GIMNASTIEKKOMPETISIE : 8 MEI 2021

Ons wil graag al ons leerlinge wat Saterdag, 8 Mei aan die Ibayi Inter-Klub Ritmiese gimnastiekkompetisie deelgeneem het, hartlik gelukwens met hul deelname en onderstaande prestasies:

Kategorie : Fun Gym (o/6)

Emma Scheepers (R2) : 2de plek – "Free Dance"
: 6de plek – "Ball"
: **4de plek algeheel**

Scarlett Engelbrecht (R2) : 5de plek – "Free Dance
: 5de plek – "Ball"
: **6de plek algeheel**

Kategorie : Fun Gym (o/7)

Anabel Wright (1R) : 2de plek – "Free Dance"
: 3de plek – "Ball"
: **2de plek algeheel**

Charlene Wright (1D) : 1ste plek – "Free Dance"
: 3de plek – "Ball"
: **4de plek algeheel**

Kategorie : Vlak 1 (o/7)

Marissa Terblanche (1D) : 2de plek – "Free Dance"
: 3de plek – "Rope"
: **2de plek algeheel**

Miané Heyneke (1R) : 10de plek – "Free Dance"
: 10de plek – "Rope"
: **10de plek algeheel**

Kategorie : Vlak 1(o/9)

Lisa Scheepers (3BL) : 2de plek – "Free Dance"
: 5de plek – "Rope"
: **3de plek algeheel**

Marli Stander (3BL) : 5de plek – "Free Dance"
: 6de plek – "Rope"
: **5de plek algeheel**

Kategorie : Vlak 2 (o/8)

Annique du Toit (2C) : 4de plek – "Free Dance"
: 3de plek – "Hoop"
: **3de plek algeheel**

Kategorie : Vlak 4 (o/11)

Nina Rossouw (4S) : 2de plek – "Free Dance"
: 2de plek – "Rope"
: 1ste plek – "Club Dance"
: **1ste plek algeheel**

Kategorie : Vlak 1 (o/12)

Ashley Mildenhall (5V) : 1ste plek "Free Dance"
: 1ste plek – "Rope"
: **1ste plek algeheel**

Baie geluk met julle prestasies!